Die Afrikaner
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2152 15 Januarie 2021

Nuwejaarsboodskap vir 2021 aan die Boere/Afrikanervolk

Die leier van die HNP, mnr. Andries Breytenbach, het die volgende nuwejaarsboodskap uitgereik:

"Die jaar wat nou ten einde geloop het, het weer eens vir ons getoon hoe broos en feilbaar die mens se planne en gedagtes is. Dit is 'n les wat die ganse wêreld noodgedwonge weer moes leer. Ook ons eie volk kan gerus ter harte neem dat ons lotgevalle in die hande van die almagtige God is, wat teen alle menslike berekeninge en planne in, omstandighede in 'n oogwink totaal kan verander. In eie geledere hoor ons dikwels die aandrang dat ons nou "iets drasties" moet doen, want "daar is nie meer tyd nie", so asof menslike tydroosters die gang van die geskiedenis bepaal.

"Ook die Afrikanervolk se omstandighede kan skielik dramaties verander, ongeag en heeltemal buite ons doen en late. Dié wete is nie 'n vrybrief vir ongeërgdheid en niksdoen nie. Ons het 'n plig en verantwoordelikheid om die stryd te voer vír die koninkryk van God op aarde en téén die magte van die bose wat dit teenstaan en ondermyn. En terwyl die uitslag van elke veldslag en fase van die stryd onbekend en nie in ons hande is nie, weet ons met onverbiddelike sekerheid dat die eindoorwinning aan God, van Wie se koninkryk ons deel is, behoort. Ons stry dus nie soos mense wat doelloos en onseker is nie.

"In dié vertroue gaan ons die nuwe jaar in. Alle aanduidings is dat dit 'n jaar van stryd en moeilikheid sal wees, nie net vir ons volk nie, maar vir die hele wêreld wat tans gebuk gaan onder nie net die heersende pandemie van die Sjinese griep nie, maar wat vir so 'n groot deel geestelik besmet is met 'n gees van liberalisme, bandeloosheid en "menseregte" wat die lelike en sondige drifte van 'n mensdom wat God van sy troon wil afstoot, onder 'n vroom gordyn van "wettigheid" laat botvier.

"Ons kan verwag om nog vir 'n geruime tyd onder magbeluste owerhede se beperkings en reëls gebuk te gaan. Dit ontneem ons nie ons verantwoordelikhede om vir die voortbestaan van kerk en volk te stry en te doen wat ons hand vind om te doen nie.

(Vervolg op bladsy 6)

Groot Volksman sterf

Die laaste dae van 2020 was alles behalwe aangenaam vir die HNP en ***Die Afrikaner***.

Net voor die nuwe jaar is die hoofsekretaris van die HNP en ook redakteur van ***Die Afrikaner***, mnr. Louis van der Schyff, in die ouderdom van 70 jaar in Pretoria oorlede nadat hy in die hospitaal opgeneem is vir Covid. Hy het tot op die laaste sy werk gedoen.

Mnr. Van der Schyff het die rekord gehou van die persoon wat die langste jare diens van 'n politieke party in die geskiedenis van Suid-Afrika gehad het. Hy was amptenaar van die HNP vanaf 1 Januarie 1974 tot en met sy afsterwe op 28 Desember 2020, op enkele dae na 47 jaar. Die laaste byna 31 jaar daarvan was hy die party se hoofsekretaris en die laaste paar jaar het hy ook die redaksie van ***Die Afrikaner*** behartig,

(Vervolg op bladsy 4)

Louis van der Schyff



Gebore: 06/06/1950
Oorlede: 28/12/2020

Die Redakteur

Era van Mondsnoer ingelui?

Aan die begin van elke nuwe jaar is daar die behoefte om mense ‘n voorspoedige nuwe jaar toe te wens. Helaas staan die mens nie in isolasie nie, en is deel van sy familie, gemeenskap, volk en uiteindelik die wêreld.

Al wat ons hierdie jaar op kan hoop is dat 2021 voorspoedigER sal wees as 2020, maar vroeë tekens dui die teenoorgestelde aan.

Wêreldwyd is inperkings ter wille van die Sjinese virus weer strenger, en ook in Suid-Afrika ervaar ons belaglike regulasies, hoofsaaklik omdat die regerende meerderheid hulleself bloot nie kan gedra nie.

Dit is ondenkbaar en onsinnig dat dobbelhuise en bioskope mag oop wees, maar kerkdienste word verbied. Kerkdienste vir begrafnisse is wel toelaatbaar, maar dan geld die belaglike reël dat as mnr. Louis van der Schyff ter ruste gelê word, slegs 50 mense in die kerk mag wees, waar daar plek is vir normaalweg maklik 600 mense! Dat kerke, wat die samekoms en spreekbuis van gelowiges is, hierdie belaglike en diskriminerende maatreëls gedwee aanvaar, kan byna as ‘n skande beskryf word!

Gelukkig het daar terugvoer gekom van die meeste Geloftefeeste op 16 Desember van goeie bywoning. Volksgenote het die oproep om ons Gelofte te betaal gestand gedoen. Toegegee, die nuwe inperkings is net daarna aangekondig.

Die sluit van die kerke kan nie anders gesien word as om vryheid van geloof en vryheid van spraak aan bande te lê nie. Kerke se boodskap mag nie gehoor word nie, en deur die dra van maskers wil mens amper die gedagte kry dat dit ‘n simbool is van “hou jou mond toe”, bo en behalwe dat die hele wêreld al byna soos gesluierde Moslems begin lyk.

Die gedagte van die inperking van vryheid van spraak is nie vergesog nie, as die jongste verwikkelinge op sosiale media gadegeslaan word.

In Amerika het Twitter eensydig en diktatoriaal besluit dat (nog steeds) president Donald Trump se rekening permanent gesluit word, kamtig omdat sy twiets indruis teen “Twitter se gemeenskapstandaarde”. Bepaal Twitter dus van nou af hoe die gemeenskap moet lyk en wat sy standaarde gaan wees? Intussen doen Twitter geen moeite om byvoorbeeld op te tree teen die Julius Malemas van die wêreld nie. As jy behoudend of regs is, word jou mond gesnoer.

Talle mense het dieselfde ondervinding met Facebook gehad, dat hulle plasings versper word, of mense se profiele gesluit word. Dit het selfs erger geword na die uitbreek van die Corona-virus. Niemand mag meer iets oor Corona sê of dit wat voorgehou word deur sekere instansies en persone in twyfel trek nie, want Corona het al byna heiliger as die Roomse Pous geword!

Facebook het WhatsApp teen ‘n astronomiese bedrag gekoop, en gaan dié platform nou ook “hervorm” om aan te pas by sy agendas. Groot debatte vind tans plaas oor nuwe gebruiksvoorwaardes wat hierdie platforms gaan eis, of om andersins die gebruik daarvan te verbeur. Dit kom daarop neer dat daar na die pype van die heersers daaragter gedans moet word, of jou stem is stil.

In Brittanje is ‘n radiostasie, talkRADIO van YouTube afgegooi, omdat dié gemeenskapsradio van die Britse inperkings bevraagteken het. Een van die aanbieders van talkRADIO, Julia Hartley-Brewer, is YouTube se reëls nie oortree nie. “Ons bevraagteken bloot die stelling dat inperkings proporsioneel is tot die Covid-virus. Dit word Vryheid van spraak genoem”, sê sy. Maar intussen het YouTube daardie Vryheid van spraak nek-om gedraai.

Die kwessie van vryheid van keuse word hierby ingesluit. Wêreldwyd is die debat aan die gang oor die Covid-entstof wat ontwikkel word. In België word daar reeds vanuit owerheidskringe ‘n saak uitgemaak dat mense wat hulle nie laat inent nie, nie meer toegelaat sal word in openbare plekke of by openbare funksies nie.

Ons kan verwag dat dieselfde gepoog gaan word in Suid-Afrika, waar ons reeds met ‘n kwalik bedekte kommunistiese regime sit. Ons het egter al geleer dat veral in Afrika die stem van die sterkste tel, en dit is nie noodwendig ‘n stembusstem nie. Hoe harder ons “nee” gaan sê en meer nog, “nee” gaan doen hierteen, hoe dieper sal Afrika uiteindelik in sy dop kruip.

HNP/*Die Afrikaner* se posadres

Posbus 18826, Pretoria-Noord, 0116

Louis van der Schyff gehuldig

Mnr. Louis van der Schyff, in lewe hoofsekretaris van die HNP en redakteur van ***Die Afrikaner***, is vroeg in die nuwe jaar te ruste gelê na sy afsterwe weens Covid enkele dae voor die nuwe jaar.

Die begrafnis is vertraag omdat sy eggenote, mev. Magdaleen van der Schyff, ook Covid gehad het en eers moes herstel. Sy het intussen volkome herstel en kon die begrafnis bywoon.

In terme van die ANC-bewind se belaglike Covid-regualsie was net 50 mense by die begrafnis toegelaat.

Die begrafnisdiens is gelei deur prof. Natie van Wyk (foto) van die Hervormde Kerk Oos-Moot, waar mnr. Van der Schyff ook die hoof-ouderling was. Prof. Van Wyk het gewys op mnr. Van der Schyff se beginselvastheid, sy trou en liefde vir sy gesin en kerk, en uitgewei oor die rol wat hy in die kerk gespeel het.



Prof. Natie van Wyk lei die begrafnisdiens in die Hervormde Kerk Oos-Moot.

Mnr. Henk van de Graaf, wat mnr. Van der Schyff opvolg as redakteur van ***Die Afrikaner***, het die volgende huldeblyk tydens die begrafnisdiens gelewer:

"Op 1 Junie 1990 stap ek by die HNP kantoor in Hatfield in as die nuwe nuusredakteur by ***Die Afrikaner***. Vir alle praktiese redes is die hoofsekretaris, Louis van der Schyff, ook maar die eindredakteur van die koerant. Dus neem ek my eerste beriggies wat ek skryf na hom vir goedkeuring en leiding. Die eerste groot les wat ek op die eerste dag geleer word, is dat "weer eens" twee woorde is, want so het hy geleer by een van die grootstes in Suid-Afrikaanse joernalistiek, Beaumont Schoeman. Trouens, dit is so 'n belangrike joernalistieke kennis om te hê, dat as jy vir 'n onderhoud gaan by 'n koerant, vra die redakteur net een vraag: Weer eens, een of twee woorde. Die verkeerde antwoord is dan sommer die einde van jou belowende joernalistieke loopbaan. Gelukkig het oom Jaap Marais my gewerf sonder onderhoud, anders sou ek nie die toets by Louis geslaag het nie.

"Maar dit was Louis van der Schyff: 'n perfeksionis in alles wat hy doen. Daar was slegs in hoë uitsondering 'n kompromis, want iets is reg of verkeerd. By Louis kon jy nie net 'n bietjie swanger wees nie. Sy werk by die HNP en ***Die Afrikaner*** het van daardie presiesheid getuig. Voor die rekenaar-era, toe ons nog op die ou plak-metode die uitleg van die koerant gedoen het, het hy my en die uitleg-dames daarin opgelei met daardie selfde presiesheid. Elke jaar se kongresprogram was 'n meesterstuk wat betref inhoud en aanbieding. Boeke en brosjures wat uitgegee is, het die stempel van Louis se netheid en presiesheid gedra. Hy was 'n proefleser waarvan min sy gelyke was – ons kon proeflees so goed ons wil, Louis het altyd die laaste fout uitgesnuffel.

"Voor my tyd by Die Afrikaner het ek al met Louis te doen gehad. Eers toe hy baie nou betrokke was by die HNP Jeugstrydaksie en ek die voorbok was op die Kovsie-kampus in Bloemfontein en later met verskillende verkiesings, hetsy algemene of tussenverkiesings waar Louis altyd as organiseerder of sekretaris die leiding geneem het. Sy administrasie was reg, pamflette en plakkate was betyds gelewer, en sy verkiesingsmasjien was geolie. Ek het darem self in 1989 lid geword van die roemryke HNP-kandidate wat deposito's verloor het. Maar dit was die kiesers se besluit, aan Louis se verkiesingsmasjien het dit nie gelê nie. Inteendeel, toe die VVK se verkiesing in 2011 plaasvind, het ek die dag heelwat kieslokale besoek. Die een by die Wille Marais Afrikanersentrum was by verre die beste georganiseer en vaartbelyn, want Louis het geweet om verkiesings te hanteer. Sy administrasie was onberispelik. Wel, dalk tog tot 'n mate effens berispelik… Voorverlede week maak Hermanus die opmerking dat Ouboet soms 'n bietjie kon oor administreer… Maar eerder dit as onder-administreer.

"Kort na my aankoms by ***Die Afrikaner*** het Louis sy 40ste verjaardag gevier, en was dit my eerste kennismaking met Magdaleen se ewe besondere vaardighede as gasvrou wat weet hoe om te onthaal met dieselfde soort noukeurigheid as waarvan Louis se lewe getuig het. Daarvandaan het ons, behalwe kollegas, ook vriende geword, selfs in die tye dat omstandighede ons af en toe bietjie op verskillende paaie gelei het. Louis was altyd lojaal teenoor sy vriende en geesgenote, en dit het telkens gewys.

(Vervolg op bladsy 4)

Van bladsy 3

"Maar sy grootste lojaliteit was teenoor sy gesin en familie, en dit sluit die aangetroude familie in. Waar Louis was, was Magdaleen, was Hester-Marie, Petrus en Maretha. Almal is iewers betrek. Wie kan die rou seer van die gesin, maar veral Louis, onthou met Petrus se skielike en ontydige heengaan?

"Tog het Louis aangegaan, die vryheidstryd gestry tot die einde toe. Hy het sy geloof en sy visie ten spyte van alles behou. Hy het respek afgedwing by vriend en minder vriendelike teenstanders. Gelukkig het hy ook sy humor behou. Elke tweede week as hy my bel om te herinner aan my bydrae vir ***Die Afrikaner***, het ons 'n volledige geselsie ingepas, gepraat oor beplanning, strategie, beginsels, maar geen gesprek is afgelui sonder 'n lekker lag nie, want Louis se humor was fyn dog vlymskerp. Ja, soms selfs aan die stoute kant as mense "bespreek" (eintlik liggies beskinder) sou word – nooit lelik of afbrekend nie, maar goedig en met pittige humor.

"Nou moet ek my opvolger opvolg, wat 'n besondere eer is, maar 'n groot uitdaging omdat Louis groot skoene gedra het wat nie maklik deur ander volgestaan kan word nie. Ek gaan sy tweeweeklikse oproepe mis. Dit gaan 'n leemte laat wat nooit gevul kan word nie. My hart bloei daarom vir Magdaleen, die kinders en kleinkinders. As ék hom gaan mis, kan ek net dink hoe julle hom gaan mis. Dink egter net positief dat dit nie 'n finale groet is nie, en dat hy en Petrus herenig is en wag vir elkeen om ons roeping op aarde te voltooi.

"Louis, ons gaan jou mis, maar na jou lewe van stryd vir die goeie sake waarby jy betrokke was: gesin, kerk, skool, politiek, kultuur – jy het 'n vol lewe gehad, jou wedloop voleindig en as daar iemand is wat sy rus verdien, is dit Louis van der Schyff. Weer eens (twee woorde…) dit was 'n voorreg om jou as mentor, kollega, vriend maar bowenal Kameraad in ons vryheidstryd te kon hê!"

Mev. Magdaleen van der Schyff en familie by die teraardebestelling van Louis van der Schyff in die Pretoria-Oos begraafplaas.

Adv. Jurg Prinsloo het namens die Afrikaner Selfbeskikking Party 'n mediaverklaring uitgereik waarin hy mnr. Van der Schyff beskryf het as alombekend as 'n mede-Afrikaner met 'n onblusbare liefde vir sy volk en 'n lewe van self-opofferende toewyding aan die stryd vir die vryheid van daardie volk.

"Sy bydrae tot daardie vryheidstryd sal veral in hierdie tyd gemis word, maar die invloed daarvan op die toekoms van die Afrikanervolk kan nie onderskat word nie en sal nie vergeet word nie", sê adv. Prinsloo.

Volksman

Van bladsy 1

nadat hy reeds in 1974 sy joernalistieke opleiding by dié koerant gekry het toe die gesoute joernalis, wyle mnr. Beaumont Schoeman, die redakteur was.

Mnr. Van der Schyff was in sy jeug ook voorsitter van die HNP Jeugstrydaksie se Opperraad, in welke hoedanigheid hy betrokke was by die teer-en-veeraksie op wyle prof. Floris van Jaarsveld toe dié bepaalde negatiewe opmerkings oor Geloftedag gemaak het. Tydens verskillende algemene verkiesings sedert 1977 was Louis kandidaat vir die HNP. Enkele jare gelede is hy voor die Menseregtekommissie gedaag nadat hy 'n kleurlingjoernalis van *Beeld* toegang tot die HNP se kongres in Akasia geweier het. In sy getuienis voor dié kommissie het hy dit onomwonde gestel dat die HNP nooit die onchristelike en humanistiese grondwet van die ANC sal erken nie.

Hy het 'n besondere liefde vir die Afrikanervolk gehad en sy lewe aan dié passie gewy. Tydens die 50ste bestaansjaar het hy ook die "HNP Gedenkalbum: 'n Politieke voëlvlug oor vyftig jaar" saamgestel.

In sy lewe het hy dikwels gesê dat hy bevoorreg was om die politiek te kon leer aan die voete van mense soos dr. Albert Hertzog en mnre. Jaap en Willie Marais.

Mnr. Andries Breytenbach, leier van die HNP, sê dat Louis van der Schyff se werklike bydrae tot die Afrikanervolk waarskynlik nooit ten volle besef en waardeer sal word nie, en dat 'n groot steunpilaar ons ontval het. Mnr. Breytenbach het namens die HNP-lede sy meegevoel aan die Van der Schyff-familie oorgedra.

Mnr. Van der Schyff, wat 'n besondere familiemens was, laat sy vrou, twee dogters en drie kleinseuns agter.

Volksvryheid: Ons roeping!

Op 28 November 2020 het die HNP sy 51ste jaarkongres op Kleinfontein gehou.

***Die Afrikaner* het in die laaste uitgawe van 2020 reeds terugvoer gegee oor die besprekings wat daar was, maar die gedrukte kongresprogram het 'n paar insiggewende en belangrike artikels bevat, waarvan kennis geneem kan word.**

Daarom gaan *Die Afrikaner* in die volgende paar uitgawes van dié artikels plaas.

Die eerste artikel is seker een van die laastes wat uit die pen van wyle mnr. Louis van der Schyff gekom het. Hierdie artikel wys op die groot premie wat mnr. Van der Schyff op volksvryheid geplaas het, en waaraan hy sy hele lewe gewy het.

Mnr. Louis van der Schyff

Op 25 Oktober vanjaar (2020) was die HNP 51 jaar oud. Nog 'n mylpaal na verlede jaar se glansryke viering van die HNP se vyftigste verjaardag.

Telkens wanneer nuwe politieke verwikkelinge intree, kyk HNP-lede terug oor die bestaan van die HNP — sy politieke stryd, sy ervarings, die hoogtepunte en laagtepunte, maar veral na die insigte en waarskuwings van die HNP-leiers teen die beleidsveranderings wat die oorsaak is vir die toestand waarin ons land vandag is. Wat kan ons uit dié jarelange stryd van die HNP leer?

Op 14 April 1969 het dr. Albert Hertzog in die Volksraad gesê (die bekende Calvinistiese toespraak): "As die Witman in Suid-Afrika moet padgee, sal dit nie net ellende bring vir die Swartman nie, maar chaos. Vandag wil ek praat oor daardie wit volk sonder wie niks in Suid-Afrika kan bly bestaan nie en sonder wie selfs die blanke beskawing uiteindelik sal vergaan".

"Die kernpunt waarom alles in Suid-Afrika draai, is die feit dat ons as Witmense, die beskaafde volk, die kundige volk, die bekwame volk, as 'n minderheid durf om die land te regeer. Die kommunistiese propaganda sal die hoogte inskiet om haat te stig tussen die Swartman en die Witman.

"Elke verstandige mens weet dat wanneer jy in gevaar verkeer, jy nie wapens weggooi nie. Jy gryp inteendeel elke wapen wat jy het en jy probeer dit verbeter. Jy troetel dit en jy bou dit uit, jy versterk dit, want as jy 'n wapen weggooi wat jy kon gebruik het, dan verswak jy jouself daardeur en jy versterk jou vyande. Ons as volk het een groot wapen, miskien die sterkste en die kragtigste wapen wat ons besit, en dit is ons blanke volk self. Jy kan geen stryd ooit wen sonder 'n taaie en 'n onverskrokke en 'n geestelik goed toegeruste volk nie.

"Ons Blanke bevolking is ons kragtigste, ons grootste bate. Die basis van ons volk is die beginsels van Calvinisme, nl. dat 'n mens altyd regskape en regverdig moet optree. Maar daar is 'n tweede beginsel wat hier ook van toepassing is, naamlik dat elke Calvinis die verskeidenheid van die skepping erken. Hy erken met ander woorde die deug in ander groepe en in ander volksdele. Omdat hy dit erken, moet hy hulle gun om hulself te wees. Hy moet hulle hul taal, hul kultuur, hul lewenswyse, hul gebruike, alles wat hul eie is, gun.

"Die derde beginsel en die groot lewensbeginsel van die Nasionalis en die Calvinistiese Afrikaner is sy verknogtheid aan vryheid; vryheid van die persoon en die vryheid van sy volk.

"Die vierde eienskap van hierdie Calvinistiese Afrikaner is die beginsel dat hy hom aan gesag onderwerp. Hy sal hom sterk laat geld teen enige element wat op 'n onregmatige manier die gesag wil beeindig. Hy sal dan nie skroom om op te tree en om sterk op te tree nie".

Op 1 Oktober 1969 het dr.Hertzog op Ermelo gepraat. Daar sê hy: "Die geheim van daardie wonderbaarlike krag wat ons volk staande gehou het — daardie byna bomenslike krag, is sy kragtige beginsels; sy duidelike lewenspatroon, sy onaantasbare

(Vervolg op bladsy 6)

(Van bladsy 5)

waarhede. Dit is deel van onsself; deel van ons volk, deel van ons geloof. Solank ons apart is en ons ons apart hou, kan ons ons selftrots, ons kultuur, ons taal, ons geloof, en ons bande van vriendskap en broerskap bewaar — daardie bande wat 'n volk geestelik magtig maak.

Dan waarsku hy oor die druk dat Suid-Afrika aan 'n swart regering uitgelewer sal word, en sê dan, dat wanneer dit gebeur, "ons onverskrokke ons man moet staan. Geen kompromie en geen toegewing sal die magtige vyandige belange wat teen ons staan, bevredig nie. Daar is net een toegewing wat hul sal aanvaar, en dit is totale oorgawe van onsself en van ons land aan die Swartman.

"Ons is geestelik 'n kragtige volk. En ons is kragtig omdat ons apart is en apart bly".

2020:

Hierdie waarskuwings en politieke waarhede het in 'n groot mate op dowe ore geval. Maar 'n klein deeltjie van die Afrikanervolk het dit gehoor en dit bewaar sodat die geslagte wat sou kom, daaruit kan leer en daaruit moed kan skep om as volk op te staan en weer sy vryheid te herstel.

Op 25 September 2020 skryf mnr. Andries Breytenbach, leier van die HNP: "Die kern van ons probleem is die bedeling waarin ons volk en die ander volke van Suid-Afrika gevange gehou word. Om uit die gevangenskap los te kom, moet dié bedeling tot niet gemaak word; dit wil sê die huidige Suid-Afrikaanse grondwet moet opgeskeur word en volke wat begeer om hulleself te regeer, moet as soewereine state onder grondwette van hul keuse tot stand kom. Om dit nog duideliker te stel: die 'een, soewereine, demokratiese staat' moet opgebreek word in twee of meer soewereine state."

Die Afrikanervolk moet uit hierdie bestel kom. Volksvryheid is ons hoogste ideaal en roeping!

Binne die bestel, omdat ons volk deel daarvan is, is daar bykans geen propaganda van volkskap, volkstrots, rassuiwerheid en eie volkskultuur en -karakter nie. Binne die bestel, tesame met die oormag van die sosiale media en menseregte, word geen woord meer gerep oor volksregte, nasionalisme en 'n eie land en eie volk nie.

Wanneer ons buite die bestel tree en daar sterk optree, sal die volksbewussyn weer groei, sal ons as volk weer uit die as van vernedering opstaan om as volk weer ons regmatige plek in ons vaderland in te neem.

Die boodskap is duidelik: Die Afrikanervolk, vas geanker op sy Calvinistiese lewensbeskouing, is steeds die volk in Suid-Afrika wat die kennis en die vermoë het om die chaos waarin die ANC hierdie land gedompel het, te omskep in sukses en voorspoed.

Daarom is ons oproep aan die Afrikanervolk om op te staan vir volksvryheid. Ander noem dit selfbeskikking. Daardie vryheid moet buite die bestel wees. Buite die regime se parlement, buite sy menseregte grondwet: daar moet Afrikaners op die suiwer beginsels van Afrikanernasionalisme versamel. Een in gees en een in strewe moet ons eendragtig saamstaan met net een ideaal: Eie volk, eie land!

Nuwejaarsboodskap

Van bladsy 1

"Ons harte gaan uit na die naasbestaandes — familie en vriende — van diegene wat ons die afgelope jaar ontval het, hetsy deur die vlaag van moorde of deur siekte en ander oorsake. Diegene wat Jesus as Hoop en Verlosser aangegryp het, het hulle einddoel in die hemelse vaderland bereik.

"Laat ons wat nog hier op aarde agterbly, voortgaan om die stryd met ywer en vindingrykheid te voer. Dit is immers 'n voorreg om in dié strydmag te dien, nie 'n las nie. Aan u almal wat só gesind is, word 'n geseënde en vrugbare 2021 toegebid, en mag diegene aan wie die leiding op enige terrein opgedra is, hul leiding en krag by die Almagtige God van hemel en aarde soek, en nie op hulleself en hulle eie insigte staatmaak nie. Dan sal die uitkoms goed wees."

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr Andries Breytenbach, Ds Gideon Grobler, Mnr Hermanus van der Schyff, Mnr Rudolf Buitendach

So is ons verraai (33)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (23)

Die "Struggle" in ANC-styl: "halssnoere" is nie juwele nie (vervolg)

Met die gebeure van 1976 nog vars in die geheue van politici, het die veiligheidsmagte streng opdrag gekry om die "minimum geweld" te gebruik. Natuurlik het die oproeriges dié beperking ruimskoots uitgebuit tydens konfrontasies. Gevolglik is baie polisiemanne wat met "minimum geweld"-toerusting toegerus was, in die swart dorpsgebiede vermoor. Swart polisiemanne wat in dié gebiede woonagtig was, was by uitstek die teikens van moordaanslae. Baie van hulle is saam met hulle gesinne vermoor en hulle wonings is afgebrand. Die geweld het soms na wit woongebiede uitgebrei en, soos in die swart dorpe, was die aanvalle in tipiese terrorismestyl teen "sagte" teikens uitgevoer deur bomme in restourante, stadsale, winkelkomplekse en selfs in 'n hospitaalsaal te laat ontplof. Tussen November 1985 en Februarie 1991 het daar ook 57 landmyninsidente in plattelandse gebiede plaasgevind. Die landmyne is op plaaspaaie, wat deur gewone burgerlikes gebruik is, gelê met die gevolg dat feitlik net burgerlike persone gedood en vermink is (*Norval, M.:68,135, 177; Stadler:71-72*).

Met hul ondertekening van die Geneefse Konvensie in 1980, het die ANC hom verbind om burgerlikes tydens militêre operasies teen gevaar te beskerm; om nie burgerlikes aan te val nie; om nie terreur teen die burgerlike bevolking te voer nie en les bes, om nie voor die voet aanvalle uit te voer wat nie tot 'n spesifieke militêre doelwit beperk sou wees nie (*Protocol 1 to the Geneva Convention (IV) relative to the Protection of Civilian Persons in Time of War, Article 51*). Die ANC het egter tydens die Kabwekonferensie van 16-22 Junie 1985 in Zambië ondubbelsinnig getoon dat sy handtekening op internasionale instrumente soos hierdie niks werd is nie. Sechaba, die ANC se mondstuk, het skaamteloos oor die konferensie berig:

"This ANC Conference, which took the form of a Council of War, decided that the distinction between "hard" and "soft" targets should disappear" (*Sechaba, August 1985: 1*).

Dit is maar een van die vele gevalle waar die ANC sy walglike, skaamtelose moord en verminking van burgerlikes erken en gepoog het om dit te vergoeilik. Verdere geskrewe voorbeelde is te vinde in ANC-publikasies soos *Sechaba, January 1983: 2; Sechaba, March 1984; Sechaba, December 1986: 11, 18 en Mayibuye, No. 3, 1987*.

Die regering het daarop geantwoord deur 'n volskaalse teenrevolusionêre veldtog te loods, en op 12 Junie 1986 het pres. PW Botha 'n landwye noodtoestand verklaar.Dit het uiteindelik vir die res van die dekade van krag gebly. Die hoofdoel daarvan was om buitengewone magte aan die veiligheidsmagte te verleen in hul pogings om die onrus tot bedaring te bring. Duisende van die onrusstokers en oproermakers is gevang en aangehou, sommige vir lang periodes (*Abel: 2*). Botha het egter in sy antirevolusionêre strategie nie net op weermag- en polisie-optrede staatgemaak nie, maar het ook die Staatsveiligheidsraad (wat alreeds gedurende die sewentigs gestig was) betrek. Hierdie Raad was saamgestel uit onder andere die president, sekere kabinetsministers met sekuriteitverwanteportfolio's, en top nasionale veiligheidsamptenare soos die hoofde van die Nasionale Weermag, die Polisie en die Intelligensiedienste. 'n "Totale strategie" wat al die departemente en vertakkinge van die regering betrek het, is deur die Staatsveiligheidsraad — wat aan die hoof van die **N**asionale **V**eiligheids**b**estuur**s**telsel (NVBS) gestaan het — in werking gestel. Die NVBS was 'n gesofistikeerde netwerk van interdepartementele komitees en "Gesamentlike Bestuursentrums" wat al die funksies van bestuur op elke vlak van regering — van die kabinet tot op munisipale vlak — betrek het. Hierdie komitees en bestuursentrums het verseker dat die Staatsveiligheidsraad deurlopend op hoogte was van alle omstandighede met betrekking tot staatsveiligheid tot op voetsoolvlak. Sodoende was dit in staat om tydig geïntegreerde, gekoördineerde optrede deur die regering te verseker (*Stadler: 148-151*).

Die NP-regering het egter nie alleen gestaan in sy optrede teen die ANC en sy surrogate nie. Die Zoeloe-organisasie "Inkatha" (wat uiteindelik 'n politieke party, die *Inkatha Freedom Party*, ofte wel IFP, geword het),

(Vervolg op bladsy 12)

HNP maak strukturele aanpassings

Na mnr. Louis van der Schyff se afsterwe moes die HNP se dagbestuur besin oor die pad vorentoe en wie watter werk moet oorneem.

Wyle mnr. Van der Schyff was byna 47 jaar lank in diens van die HNP, waarvan die laaste meer as dertig jaar hoofsekretaris van die party, en die laaste paar jaar ook redakteur van ***Die Afrikaner***.

Die dagbestuur het besin oor die beste moontlike skuiwe om te verseker dat die werk kan voortgaan.

Mnr. Hermanus van der Schyff het as voorsitter van die HNP bedank en sal sy broer se pos as hoofsekretaris oorneem.

Mnr. Henk van de Graaf is weer aangewys as redakteur van ***Die Afrikaner***, 'n posisie wat hy reeds voorheen beklee het.

Mnr. Peet Joubert, wat een van die twee onderleiers van die HNP was, het uit daardie pos bedank om as voorsitter op te tree. Mnr. Frits van Graan is dus tans die enigste onderleier om mnr. Andries Breytenbach se hande te sterk. Al hierdie persone is deel van die dagbestuur.

Aangesien hierdie veranderinge nie deur 'n kongres goedgekeur is nie, is dit net 'n tussentydse reëling tot wanneer daar weer 'n kongres plaasvind.

Die res van die dagbestuur is onveranderd, en bestaan uit: Mnre. Gert Botha, Dewald Breytenbach. Mev. Yvonne de Jager, mnre. Lafras Hoffman, Ewald Graefe, Marius Louw, Neels Kruger, Meinhard Peters, Johan Wiesner en mevv. Lulu Steenkamp en Hester-Marié Thom.

TLU SA sê Cyril moet regmaak

TLU SA het die nuwe jaar afgeskop met 'n ope brief aan die ANC-president, Cyril Ramaphosa.

Mnr. Henry Geldenhuys, TLU SA se president, sê in die brief dit is tyd dat die regering ook bestek neem van wat verkeerd is en hoe dit reggemaak moet word.

Van die knelpunte wat TLU SA uitlig, is:

• Korrupsie en selfverryking, selfs tydens 'n pandemie, wat ongestraf bly.
• Kaderontplooiing en swart ekonomiese bevoordeling het tot dusver net 'n paar mense verryk en geensins bygedra om Suid-Afrikaners te bemagtig nie, inteendeel, dit het mense juis benadeel.
• Die regering se beleidsomgewing is onvriendelik vir buitelandse beleggers en binnelandse klein- en mediumgroottte besighede.
• Die drie-party alliansie met die SAKP en Cosatu plaas Suid-Afrika in skaakmat ten opsigte van beleid aangesien die ANC moet dans na die ander twee partye se sosialistiese en kommunistiese pype.
• Die interne stryd binne die ANC is klaarblyklik meer belangrik as om die land na behore te regeer.
• Die regering se arbeidsbenadering lei jaarliks tot meer werkloosheid. Dit is verregaande om mense eerder van staatstoelae afhanklik te maak om bloot 'n punt te bewys oor 'n minimumloon.
• "Regstellende aksie" stel niks reg nie, inteendeel, dit het die land duur te staan gekom. Die gebrek aan kundigheid en die wanbestuur van die Landbank dwing die kommersiële landbousektor op die knieë ten opsigte van finansiering.
• Die rassistiese benadering rondom die verskaffing van hulp in die landbousektor is kortsigtig. "Julle hulpprogramme om voedselsekerheid te waarborg is 'n groot leuen."
• Die ANC-regering is nie 'n regering vir alle landsburgers nie, maar slegs vir die kaders wat naby julle vuur staan.

Mnr. Geldenhuys sê "dalk moet jul almal 'n paar lesse oor basiese ekonomie bywoon". Daar is sekere beginsels wat nie deur enige wet of standpunt verander word nie.

TLU SA doen aan die hand dat die volgende aspekte so spoedig moontlik implementeer voordat die land nog verder in rommelstatus wegsak en met meer armoede te doen kry.
• Staak die beleid van regstellende aksie en swart ekonomiese bevoordeling (SEB). Stel kundige persone aan.
• Tree doelgerig en daadwerklik op teen korrupsie en selfverryking op alle vlakke.
• Kry die SAPD se huis volledig in orde sodat die publiek hulle weer kan vertrou.
• Tree voorkomend en streng op teen misdaad en veral plaasmoorde.

(Vervolg op bladsy 12)

Entstof kan die land red!

Daar word tans hewig debat gevoer oor die nuwe entstof vir die Sjinese pes. Daardie viruspes.

Daar is al bewerings dat die veemedisyne, Ivomec, daarvoor kan help. In sekere lande word dit aanbeveel, maar in Suid-Afrika word daar vasgeskop: dit is nie vir menslike gebruik geregistreer nie.

Sarel is nie noodgedwonge erg oor registrasies nie. Suid-Afrika het sedert 1994 'n probleem met registrasies, of dit nou is vir geboortes, sterftes of verkiesings. Gewoonlik loop daar maar iets skeef. Maar ten minste is dit 'n lekker bykomende afdreigmiddel om enige dokter wat dit sou waag om dié medisyne aan te beveel aan iemand wat dit eerder wil probeer as om te sterf, summier te vervolg en selfs van die lys van praktisyns te verwyder. So al asof daar werklose dokters in die tou staan om 'n pos in Suid-Afrika te kry: daar is juis 'n tekort, maar dit maak nie aan die ANC-bewindhebbers saak nie. Solank hulle diktatoriale opdragte met kommunistiese stiptelikheid uitgevoer word, is die res mos maar 'n bysaak.

Nou blyk dit dat Suid-Afrika dalk die oorskiet entstof uit Indië gaan kry. **Sarel** wonder maar in sy stilligheid of dit nie ook maar entstof is wat afgekeur is of verval het, gaan insluit nie. Immers: as jy bedel moet jy mos maar tevrede wees wat jy kry.

HUTTEN-BUCHDIENST



Posbus 7234, Pretoria, 0001
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
012 807 0434

*• Maar dit laat **Sarel** dink aan 'n gedagte wat hy uit Europa gekry het: moenie die entstowwe eerste vir die mediese werkers gee nie. As dit nie werk nie, is die hele land in sy kanon. Gee dit eerder vir die regeringslede, as dit dan blyk nie te werk nie, is die hele land gered! Maar as hulle werklik die inenting 'n sukses wil maak, moet die entstof net in die bier gegooi word en die kroeë heropen. Dan is die hele land teen volgende Vrydag ingeënt!*

Misdaadbekamping

Sarel is darem baie bly om te sien dat die land so 'n op en wakker minister van polisie het. Kyk, hy is daar waar daar kameras is! **Sarel** bedoel eintlik waar daar misdaad is.

As daar iewers een persoon op enige strand in die land is, is Bheki Cele daar met sy span lyfwagte, kommissarisse, assistent-kommissarisse en ander hoogs doeltreffende offisiere, vergesel deur 'n deeglike hoeveelheid media wat graag die kleur van die minister se hoed vir die dag wil bespreek.

Groot Polisie-teenwoordigheid om maskerkriminele vas te vat.

Soos die foto wys hou die polisie van 'n groot teenwoordigheid om misdaad te bekamp, en dit is natuurlik totaal aanvaarbaar dat twintig mense nodig is om een varslugsoeker te arresteer.

*• Maar **Sarel** wens tog eerder die polisie kan die plase oppas soos die see. Niemand kan die see steel of doodmaak nie.*

Nakoming van die 1838-Gelofte: Antwoord op Pieter Labuschagne se "kernvrae"

Andries Breytenbach

In *Netwerk24* van 11 Januarie 2021 het 'n artikel onder die titel *Moet Geloftedag nog in die nuwe SA gevier word?* verskyn. Die skrywer is ene Pieter Labuschagne, 'n emeritus professor by Unisa.

In sy artikel stel Labuschagne twee "kernvrae" aan die orde:

Eerstens word gevra "of daar in die nuwe inklusiewe Suid-Afrika, met die klem op versoening tussen die verskillende rasse, nog wesenlik plek is om die oorwinning van die een rassegroep (wit Trekkers) oor 'n ander (swart Zoeloes) te vier?" Dan suggereer hy as't ware die antwoord met 'n stelling dat die wyse waarop die herdenking in die post-apartheid era en in sommige gevalle plaasvind, teen die idee van nasiebou en versoening indruis. Voorts word die dag se betekenis onder verdenking geplaas met 'n bewering dat Geloftedag se politieke en historiese status ook teen die agtergrond van etlike feitlike dwalings en selfs mites plaasvind. Die laaste stelling word nie verder toegelig of met voorbeelde gestaaf nie.

Die tweede "kernvraag" is of die Voortrekkers werklik belang aan die gelofte geheg het en of dit moontlik is dat dit eerder die hoofsaaklik Afrikanernasionalistiese strewes van 40 jaar later was wat die verhewe status aan Geloftedag gegee het.

Ons beantwoord hierdie tweede kernvraag eerste, want dit sal die antwoord op die eerste vraag bepaal.

'n Gelofte veronderstel geloof in die lewende God en sy voorsienigheid. Aan Hom word die gelofte gemaak, en sonder só 'n geloof, kan daar geen gelofte wees nie. Oor die erns en belang wat die Voortrekkers met die aflegging van die gelofte daaraan geheg het, kan geen twyfel bestaan nie. Hulle was 'n gelowige volk wat die Bybel geken het. Ná die voorafgaande geskiedenis van moord op die Trekkers en die onuitgelokte aanvalle deur die Zoeloes sedert Februarie 1838, was Pretorius en sy kommando deeglik bewus van die gevaar waarin hulle hulle begewe het. Die moontlikheid dat hulle, en daarna die vrouens en kinders in die laers, deur die Zoeloe-oormag uitgewis kon word, was wesenlik. In ooreenstemming met hulle geloof in God, het hulle hulle tot Hom gewend om hulp en na afloop van die Bloedrivier-slag was daar by hulle geen twyfel dat die gunstige uitslag van die geveg slegs aan Sy hulp en bestiering toegeskryf moes word nie.

Dat hulle vir baie jare daarna die nakoming van die gelofte verwaarloos het, is presies waarteen Sarel Cilliers reeds voor die aflegging van die gelofte gewaarsku het: wanneer die mens in gevaar verkeer, roep hy tot God en wanneer die gevaar verby is, vergeet hy gou en laat hy na om sy beloftes gestand te doen. Dit is ongelukkig eie aan die mens met sy sondige natuur. Die Boere het dan ook die latere anneksasie van hul Transvaalse republiek deur die Engelse gesien as die gevolg van en straf op die verwaarlosing van die gelofte. Die punt van belang is egter dat die aanvanklike verwaarlosing van die gelofte hulle nie van die verpligtinge om na te kom wat hulle beloof het, kwytgeskeld het nie. Daarom het hulle dit by Paardekraal in Desember 1880 vernuwe en herbevestig.

Dit is uit daardie bewussyn dat die gelofte met verloop van tyd in die volk se gemoed gegroei en in die woorde van die skrywer, 'n "verhewe status" verkry het. Dit het saamgehang met die groeiende volksbesef, ofte wel nasionalisme van die Afrikaner/Boerevolk. Eerder as om die aanvanklike verwaarlosing van die dag te vertolk as belangeloosheid van die volk ten opsigte van die dag, getuig die uitbreiding en aanvaarding daarvan onder die ganse Afrikanervolk — ook onder diegene wie se voorouers nie daarby betrokke was nie — hoeveel belang daar werklik aan die gelofte geheg is en word. Die groep Voortrekkers wat die gelofte afgelê het, het op daardie tydstip die ganse Afrikanervolk — ook die geslagte wat nog moes kom — verteenwoordig. Omdat hulle in daardie stadium nog in die kleuterskoene van hul volkskap gestaan het en kwalik reeds 'n "volk" genoem kon word, was dit goed en reg dat die gelofte en die herdenking daarvan saam met die volk in omvang en betekenis sou groei. Iemand het dit soos volg treffend saamgevat: "In die geskiedenis gebeur dit meermale dat deur goddelike beskikking 'n persoon of 'n groep in 'n brandpunt geplaas word waar hy of hulle namens 'n hele volk moet doen. Dit is wat gebeur het by Danskraal (Wasbank) op 9 Desember 1838. Pretorius en Cilliers en die volk was onbewus van die ingrypende betekenis van die daad. Die ontvouing van die geskiedenis het dit eers later geopenbaar."

Die belang wat aan die saak geheg word, kan dus nie beperk word tot die doen en late van die groepie Voortrekkers in die jare onmiddellik na die Bloedrivier-slag nie. Daardie gelofte het die hele Afrikanervolk "zelfs aan onze laatste nageslachten" (Bantjes) betrek, en enige beoordeling van die saak moet ook die belang wat die opvolgende geslagte daaraan heg, in ag neem.

Daar was, 'n wisselwerking tussen die gelofte en die groeiende Afrikanernasionalistiese strewes. Laasgenoemde is onder meer deur die gelofte gevoed, en die vertolking van die gelofte het as 'n koersaanduider vir ons nasionalistiese strewes gedien, soos uit verskeie groot gelofteredes wat oor die jare gehou is, aangetoon kan word.

Alleen teen bostaande agtergrond kan die skrywer se eerste kernvraag beantwoord word:

Die gelofte was 'n onderneming teenoor God, sou hy aan hulle die oorwinning oor hulle vyand gee. Geen voorwaardes van tyd, omstandighede of politieke en sosiale beskouings is hier ter sprake nie. Die gelofte moet nagekom word, punt.

Die aard en karakter daarvan is uitgespel as 'n gewyde dag om die Here vir die oorwinning wat Hy gegee het, te dank, en om sinvol dank te kan betuig, moet die volk die omstandighede wat daartoe gelei het en die gebeure van die tyd ken en verstaan. Dit is dus 'n dag en geleentheid om ons volk se geskiedenis te vertel

(Vervolg op bladsy 11)

Woord en wêreld

Hoe hanteer ons die politieke onreg wat met die Covid gogga gepaard gaan?



1 Petrus 2:20 " ... Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly—dit is genade by God."

Die gedeelte in Petrus (1 Pet. 2:18-21) handel primêr oor die verhouding tussen werkgewer en werknemer, maar die beginsel daarvan is geldig vir alle verhoudings.

Die genoemde gedeelte, meld dat as ek sonde gedoen het en gestraf word, ek net my verdiende loon kry. As ek egter my bes doen om goed te doen, ek werk en probeer die beste daarvan maak en word om watter rede ook al juis daaroor belas, word dit 'n emosionele swaarkry om dit te hanteer.

Tans word talle van hul daaglikse brood gedeeltelik of geheel weerhou oor deursigtige leuens wat in die naam van gesondheidsregulasies op die bevolking toegepas word. Hoe hanteer ons dié saak tot eer van God?

Straf dra is altyd swaar, maar as ek onskuldig is soveel te meer! Die gedeelte wil ons leer hoe om hierdie sake te hanteer tot Sy eer. Selfs al sou weerstand en teenkanting ter sprake wees, moet ek dit steeds tot Sy eer doen, want dit is hoekom Hy ons as Sy kinders gekies het. Die Skrif sê: " ... – dit is genade by God" wanneer ek dit tot Sy eer verdra! Dan sê die daaropvolgende vers: "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg;"

Dr. Gideon Grobler

Daar is geen ander wyse waarop ons van die verlammende effek ontslae kan raak as om presies hierdie opdrag op te neem nie. Wanneer ek my herinner aan die onreg wat my Verlosser vir mý moes deurmaak en dat alle mense sáám my nie kan aandoen wat ek my Verlosser aangedoen het nie, bring dit 'n skaam kalmte in my gemoed. Nou roep Hy my om ook soos Hy te dra/verdra en dit aan Hom wat volmaak en regverdig oordeel, op te dra. Hemel Vader, sal u ons asseblief lei dat ons daagliks, hoe langer hoe meer sal volg in die spore van ons Verlosser?
AMEN

1838-Gelofte

(Van bladsy 10)

en daaroor te besin, veral in 'n tyd waar dit in die skole verwaarloos en verdraai word om 'n nuwe geskiedenisbeeld te skep. Dat die Voortrekkers wit was en die Zoeloes swart is feite van die geskiedenis, maar dit is nie waaroor die herdenking van die Gelofte primêr gaan nie, en ek vind die skrywer se bybring van die rassekwessie onnodig en swak smaak.

Volgens Labuschagne moet die herdenking van die gelofte uitstyg bo konflik en verdeling en streef na die oogmerke van versoening en konsiliasie in 'n hoogs gediversifiseerde samelewing. Om die gelofte en Geloftedag ten dienste van die huidige humanistiese beskouings van nasiebou en versoening te wil inspan, vermink die doel en betekenis daarvan en kan net tot gevolg hê dat die sentrale rol wat die Afrikanervolk in Suid-Afrika verwerf het, verder ondermyn word. Die Groot Trek en die stryd wat gevoer is teen die magte wat ons volk wou oorheers of vernietig, het een doel gehad naamlik om as 'n vrye volk 'n eie land te verkry waar ons onsself kon regeer en wette maak wat ons volk se geestes- en materiële waardes sou weerspieël en beskerm. Die Gelofte was onlosmaaklik deel van daardie strewe en stryd en is totaal onversoenbaar met die heersende politieke en maatskaplike bedeling waarin ons teen ons sin ingedwing is.

Om bedenkinge oor Geloftedag te saai, of die karakter daarvan te probeer verander is deel van 'n verwoede aanslag op ons volksiel, ons geloof, ons waardes, ons sedes, ons geskiedenis, ons vryheidstrewe. Hoe moet ons daarop reageer? Wyle mnr. Jaap Marais het in 1988 al die antwoord daarop gegee:
"Elke poging om die aard en betekenis van Geloftedag aan te tas moet daarom met alle mag teengestaan word. Hoe meer die aandrang is om aan Geloftedag se betekenis af te doen, hoe sterker en beslister moet die weerstand wees. Laat dié boodskap uitgaan na elke Geloftefeeskomitee en elke spreker op Geloftefeeste in die land."

Apartheid

Van bladsy 7

het onder sy leier, hoofman Buthelezi, oor verskeie aspekte met die ANC verskil — soos byvoorbeeld die ANC se visie van 'n unitêre Suid-Afrika, waar al die verskillende swart etniese groepe in 'n smeltpot noodwendig ineen sou vloei. Dit sou tot menige praktiese probleme lei: in so 'n multikulturele swart gemeenskap sou Engels noodwendig as algemene taal gepraat, en die een kompromie na die ander aanvaar moes word. Inkatha was nie bereid om die Zoeloe-kultuur op hierdie altaar te plaas nie. Inkatha het verder ook geweld teen die staat en sy organe veroordeel. Buthelezi het die Soweto-opstande van die sewentigs skerp gekritiseer, en het van die begin af geweier om by die ANC se "gewapende stryd" ingesleep te word. Ten slotte het Inkatha ook die ANC se veldtog vir sanksies en boikotte teen die NP-regering teengestaan omdat hy besef het dat die gekweste landsekonomie vir die swartes groter nadeel ingehou het as vir enigiemand anders (*Mzimela: 57; Mandela: 688*).

Met die ANC se revolusionêre aanslag in volle swang gedurende die middel 80's, het die bloed in Natal begin vloei toe Inkatha en die ANC-surrogate mekaar die stryd aangesê het. Dit het in 'n wrede burgeroorlog ontaard wat ook vrouens en kinders betrek het en weldra na ander Zoeloebevolkings in die industriële gebiede van die land versprei het. Weerwraak het op aanvalle gevolg, wat weer tot 'n volgende vlaag bloedbaddens gelei het. Wydverspreide gerugte het spoedig die rondte gedoen dat die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte heimlik aan Inkatha se kant by die geweld betrokke was deur voorsiening van wapens en opleiding. Dit het naderhand geblyk waar te wees. Die regering het nie alleen Inkatha bygestaan nie, maar het self ook 'n uitgebreide veldtog van geheime militêre- en polisieoperasies in die oorlog teen die ANC uitgevoer (*Stiff: 92-122, 148-193,242-272 en 298-374,413-419*). Dit sou egter gou genoeg aan die lig kom dat die veiligheidsmagte se betrokkenheid by die ANC/Inkatha-vete verreweg nie die belangrikste rede vir die geweld tussen die twee groepe was nie.

(Word vervolg)

TLU SA

Van bladsy 8

• Aanvaar die beginsel van privaat besitreg en die vrye mark as die enigste meganisme wat welvaart kan skep en laat vaar die beleid van onteiening sonder vergoeding. Die regering moet dit openlik as beleid verklaar en enige vorm van sosialisme of kommunisme verwerp.
• Stel die minimumloon ter syde tot tyd en wyl die ekonomie herstel het, gegewe Suid-Afrika se hoë werkloosheidsyfer. Laat die mark die arbeid reguleer.
• Respekteer alle groepe en mense soos wat die grondwet bepaal en laat vaar julle rassistiese ondertoon.
• Gebruik bewese ekonomiese beginsels om ekonomiese groei te bewerkstellig. En indien julle nie daarmee regkom nie, laat dit dan aan die privaatsektor oor om die ekonomie te versterk.

TLU SA sou nog kon bygevoeg het dat Ramaphosa ontslae moet raak van arrogante, selfversekerde en dikwels belaglike ministers waaronder Bheki Cele seker die grootste voorbok is.

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.